# POLYCARPUS, BISKOP VAN SMIRNA

167 n.C.

Ook die Christene in Smirna is gedurende die regering van Marcus Aurelius gruwelik vervolg. Baie is gegésel en met vuur gemartel en vir die wilde diere gegooi, maar hulle het getrou gebly tot in die dood. Hulle standvastigheid het die volk se woede nog meer gaande gemaak. Eindelik is die negentigjarige biskop, Polycarpus, as hul slagoffer uitgekies.

Saam met Ignatius het Polycarpus die voorreg gehad om ’n leerling van die apostel Johannes te wees. Wat hy daar geleer het, het hy vir meer as 70 jaar in sy gemeente verkondig. Toe hy verneem het dat die woedende volk sy hoof eis, het hy homself met liggaam en siel aan die genade van God oorgegee. Op dringende versoek van sy gemeente het hy die wyk geneem na ’n nabygeleë dorp, waar hy met vriende die tyd in gebed deurgebring het. Drie dae voor sy gevangeneming het hy ’n gesig gesien dat sy kussing verbrand. Hy het dit as ’n goddelike openbaring beskou, en aan sy vriende gesé: “Ek sal lewend verbrand word.”

Toe hy op die derde dag die geregsdienaars sien aankom, sê hy: “Laat die wil van die Here geskied!” en hy het geweier om te vlug. Op sy versoek het hulle aan die geregsdienaars eers iets gegee om te eet, terwyl aan hom vooraf ’n uur vir gebed toegestaan is. Staande het hy sy siel in ’n roerende gebed vir twee uur lank uitgestort. Selfs sy vyande was daardeur getref. Daarna het hy hom vrywillig oorgegee en is op ’n esel weggevoer. Onderweg het twee owerheidspersone hom in hul rytuig opgeneem.

Spoedig het hulle hom gevra: “Watter kwaad is dit om te sê Here Caesar, en te offer?” Polycarpus het egter op hul vrae geswyg, totdat hulle hom gedwing het om te antwoord, waarop hy kortaf gesê het: “Ek sal jul raad nie volg nie!”

Vertoornd het hulle hom nou onder skeldwoorde en mishandeling uit die wa gegooi, sodat sy dybeen deur die val gekneus is. Hy het alles egter blymoedig gedra en met lydsaamheid en geduld sy weg vervolg. Dit word vertel dat teen die einde van die reis ’n stem uit die hemel gehoor is wat sé: “Wees sterk, Polycarpus, en gedra jou soos ’n man!” Niemand het die spreker gesien nie, hoewel hulle die stem gehoor het.

Omring deur ’n ontsettende volksmenigte is hy eindelik voor die stadhouer gebring. Hy het aan Polycarpus gesê: “Jy moet medelye hê met jou hoe ouderdom, berou kry, Christus laster, by die keiser sweer, en ek sal jou loslaat".

Maar Polycarpus het met sy oë na die hemel geantwoord: “Ses-en-tagtig jare het ek Christus gedien, en Hy het my niks as goed gedoen nie. Hoe sou ek dan Hom, wat my verlos het, kan laster, my Here en my Heiland?”

Toe die stadhouer nog verder by hom aandring, het hy gesé: “Ek is ’n Christen, en wil weet wat die leer van die Christendom is, bepaal net maar ’n dag en uur, en ek sal u sê wat dit is.”

“Oorreed maar die volk," sê die stadhouer. Maar Polycarpus het gesê: “Dit is betaamlik dat ek my na u wend, want daar is geskryf, en my is geleer om aan die magte en owerhede deur God daar gestel, alle eer te bewys.”

“Ek het hier wilde diere, en ek sal jou voor hulle gooi!” dreig die stadhouer.

“Roep hulle maar gerus," antwoord Polycarpus.

’n Ander roep toe: “Ons sal sy gees met vuur tem as hy die wilde diere verag!”

Polycarpus antwoord hierop: “Jy dreig my met vuur wat maar ’n oomblik brand en weer uitgeblus word, maar jy is onkundig omtrent die toekomende oordeel, en van die ewige vuur wat vir die goddelose berei is. Maar waarom wag jy? Doen wat jou behaag!"

Onder die spreek van hierdie woorde was hy vol blydskap en vertroue in die Here. Op bevel van die stadhouer het ’n herout uitgeroep: “Polycarpus het bely dat hy ’n Christen is!” Toe het beide Jode en heidene uitgeroep en gesê: “Hy is die leraar van Asië, die vader van die Christene, wat geleer het dat ’n mens nie aan ander gode offer nie!”

Sommige wou dat hy moes verskeur word, ander weer dat hulle hom lewend moes verbrand. Hy is toe veroordeel om lewend verbrand te word. Spoedig is die brandstapel gereed gemaak, met die Jode as helpers op die voorpunt in hul ywer en haat.

By die brandstapel het die gryse geloofsheld homself uitgetrek, sy gordel losgemaak; en het met moeite probeer om sy skoene los te maak. Vroeër het gewillige hande van gelowiges altyd dié liefdesdiens met graagte vir hom gedoen!

Aan die paal vasgebind, het hy gebid “O Vader van u geliefde Seun Jesus Christus, ek loof U dat U my hierdie dag en hierdie uur waardig geag het om my deel met die martelare in die drinkbeker van Christus te ontvang. Ek verheerlik U deur die ewige Hoëpriester Jesus Christus deur wie, en met wie en die Heilige Gees, die heerlikheid toekom, nou en tot in alle ewigheid, Amen.”

Na die heerlike gebed is die brandstapel aangesteek, en volgens die oorlewering word vertel dat die vuur nie na hom wou kom nie, die vlamme het rondom hom gekrul soos ’n seil, terwyl sy liggaam daarbinne soos goud en silwer wat in die smeltkroes is, geglinster het. Toe die heidene sien dat sy liggaam onbeskadigd deur die vuur was, het één van die beulsknegte hom deursteek en sy ontsielde liggaam in die vuur verbrand. Sy treurende gemeente het die orige bene bymekaar gemaak en sorgvuldig begrawe.

In die jaar 167 n.C. het Polycarpus sy vrugbare lewe met die marteldood gekroon. In die krag van die Here was ook hy getrou tot in die dood toe.

0-0-0-0-0-0

Vanuit die boekie:

“Getrou tot die dood” deur Ds. F.R. Grobbelaar